

### Inhoud

Bestuursopsomming	2
1. Oorsig van 2006	3
2. Personeel	3
3. Begroting	5
4. Bestuur van die voorraad	6
5. Kliëntedienste	8
6. Takbiblioteke	12
7. Spesiale versamelings	14
8. Informatietegnologie	14
9. Gehalteversekering	15
10. Nasionale en internasionale samewerking	15
11. Beplanning en Bemarking	16
12. Simposium	16
13. Nuwe inisiatiewe	16
14. Strategiese rigtings 2007-2009	18
15. Bedankings	18



### Visie

Ons verbintenis tot uitnemendheid open deure na kennis.

### Missie

Die Missie van die US Biblioteek- en Inligtingsdiens is om as 'n akademiese instelling 'n voortreflike, dinamiese inligtingsdiens binne die globale inligtingsgemeenskap te verskaf.



## Bestuursopsomming

Die 2006 jaarverslag van die Biblioteek- en Inligtingsdiens voorsien 'n breë oorsig van die aktiwiteite en nuwe inisiatiewe wat onderneem is gedurende die jaar. Dit was 'n interessante jaar wat 'n aanduiding is van die nuwe rigtings wat die Biblioteek inslaan en beklemtoon die Biblioteek se posisie as 'n aktiewe rolspeler in die onderrig- en navorsingsprogramme van die Universiteit.

Op personeelgebied is daar aktief aandag geskenk aan die invloed van die personeelverminderingsproses wat aan die einde van 2005 afgehandel is. Dit het tot gevolg gehad dat sommige ad hoc poste afgeskaf is en skoonmaakdienste in die JS Gericke Biblioteek uitgekontraakteer is vanaf Januarie 2007.

Die totale begroting wat vir 2006 toegewys is aan die Biblioteek was R48 051 397, 'n vermindering van R513 569 vanaf 2005. Die zero-groei kapitaalbegroting vir inligtingsbronne bly steeds 'n uitdaging en is 'n saak waaraan dringend aandag geskenk moet word om sodoende ernstige leemtes in die versameling te voorkom. Wat die bestuur van die voorraad betref, die aantal boekbestellings het met 283 toegeneem en 'n totaal van 12 793 bestelde items is ontvang – 1005 meer as in 2005. Die tydskrifomgewing weerspieël steeds 'n groot skuif vanaf die papier- na die elektroniese weergawe. Personeeltyd word al hoe meer gewy aan die instandhouding van toegang tot elektroniese bronne. Die aankoop van elektroniese bronne (tydskrifte/databasisse) het 'n fase van konsolidering betree. Ondersoeke na die aankoop van elektroniese boeke is gedoen en addisionele elektroniese naslaanwerke is aangekoop. Die gebruik van elektroniese bronne het 'n stewige styging in 2006 teenoor 2005 getoon.

'n Totaal van 14 533 nuwe boeke (papier of elektronies), DVD's en ander tipes materiaal is in die rekenaarkatalogus opgeneem. Met betrekking tot uitreikings, was daar 'n toename van 7,7%. (Kyk *Grafiek 2* op bladsy 8). Interbiblioteeklenings toon steeds 'n afname in transaksies in die geheel, aangesien die beskikbaarheid van inligting in elektroniese formaat steeds groei. Wat die biblioteekvoorraad betref, kan daarop gelet word dat 'n voorraadevalueringsaksie in 2006 uitgevoer is wat sal help om leemtes en gebreke in die onderskeie vakdisiplines uit te wys, waar van toepassing. Die algemene terugvoer van akademiese departemente was dat sinvolle en insiggewende bestuursinligting ten opsigte van hul biblioteekvoorraad hiermee aan hulle voorsien is.

Inligtingsgeletterdheid, en daarmee saam die opleiding van kliënte, is 'n strategiese prioriteit vir die Biblioteek en het weer eens 'n groot deel van die vak- en takbibliotekarisse se taak van dienslewering uitgemaak. In sommige gevalle was daar 'n afname in die blootstelling en deelname aan opleidingsgeleenthede deur studente uit sommige fakulteite/departemente wat toegeskryf word aan veranderde modules, ens., terwyl dit in ander gevalle konstant gebly het. (Kyk *Grafiek 6* op bladsy 10). 'n Nuwe inisiatief waarvoor die Biblioteek baie opgewonde is, is die geïntegreerde elektroniese biblioteekopleidingsmodule wat ontwikkel is in samewerking met WebCT Vista-personeel. Die module is reeds suksesvol in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe geïmplementeer. Kyk aanhaling van 'n dosent hieronder.

*“Pieter du Plessis, dienspuntbestuurder vir OOB, het in oorleg met Jennifer en myself twee programgeïntegreerde opleidingspakette ontwikkel vir OOB 114 en 314. Dit is 'n self-opleiding en ontsluitingsprogram (navorsingsfasiliteerder) direk gekoppel aan die betrokke twee programme, inhoude en evaluasies. Daar is ongelooflik baie potensiaal in die Vista & Web CT koppeling.”*

*“My dank en waardering aan Pieter wat uitstekende inisiatiewe neem – om beide die student en die dosent se lewe te vergemaklik.”*

Die Afdeling Spesiale Versamelings het weer eens 'n belangrike bydrae gelewer tot resultate van navorsing wat grotendeels of selfs uitsluitlik afhanklik was van bronne binne die afdeling. Lees meer op bladsy 13 en 14.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se Afdeling Informasietegnologie het 'n aantal projekte van stapel gestuur om verskeie toepassings van informasietegnologie binne die biblioteek- en inligtingsomgewing aan te spreek. Die projekte sluit onder andere die beskikbaarstelling van tesisse deur middel van die Internet, 'n databasis vir navorsingsuitsette, 'n “proxy”-bediener vir buite-kampus toegang, en 'n gelyktydige soekmeganisme (sogenaamde “federated search tool”) in.

Op nasionale en internasionale vlak het die Biblioteek se personeel goeie bydraes gelewer en die jaarlikse

simposium het hoogaangeskrewe sprekers gelok, soos dr Tony Hey van Microsoft wat die openingspreker was.

Die jaar is afgesluit met die identifisering van strategiese rigtings vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens se aktiwiteite vir die periode 2007-2009, wat sal dien as 'n gids in ons beplanning vorentoe.

## 1. Oorsig van 2006

Veranderinge en ontwikkelinge by die Universiteit gedurende 2006 het 'n groot impak op die funksionering van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gehad. Ontwikkelinge en veranderinge in die biblioteek- en inligtingsomgewing, nasionaal en internasionaal, noodsaak die Biblioteek ook om toenemend ondersoek te doen om te bepaal watter dienste noodsaaklik is om te kan voldoen aan die eise wat deur kliënte aan die Biblioteek gestel word.

Die hoë kwaliteit diens en die hoogaangeskrewe fasiliteite van die Biblioteek beklemtoon die hoë prioriteit wat die ontwikkeling van personeel geniet. Gespreksessies het gedurende die eerste helfte van 2006 met alle afdelings plaasgevind om die effek van die personeelvermindingsproses wat aan die einde van 2005 afgehandel is verder te bespreek en om te bepaal hoe om dit ten beste te bestuur.

Tydens hierdie gesprekke het die Senior Direkteur beklemtoon dat 'n goed opgeleide en gemotiveerde personeelkorps 'n voorvereiste is vir die bereiking van die visie en missie van die Biblioteek. Sy het veral vier areas uitgesonder vir spesiale aandag:

- Die rol van die Biblioteek- en Inligtingsdiens in akademiese ondersteuning.
- Die versterking van die versamelings en voorraadontwikkeling.
- Die ontwikkeling van die infrastruktuur, fasiliteite en hulpmiddele.
- Die ontwikkeling van personeel en van 'n proaktiewe personeelplan.

Die resultaat van die sessies het gelei tot die identifisering van verdere aktiwiteite wat aangespreek is deur die loop van die jaar. Positiewe gevolge van die personeelvermindingsproses is ook uitgewys, onder andere:

- Dat personeel "slimmer" werk;
- Dat hulle beter prioritiseer;
- Dat hulle beter tydsbestuur toepas;
- Dat aktiwiteite soos opleiding beter beplan word;
- Dat die span mekaar beter ondersteun;
- Dat minder belangrike funksies afgeskaf is;
- Dat prosedures verander is en alternatiewe goed funksioneer.

Naas bogenoemde is verskeie nuwe inisiatiewe, soos die installering van Metalib aangepak en suksesvol geïmplementeer.

Nege strategiese inisiatiewe is geïdentifiseer vir 2006, naamlik die hersiening en dokumentering van biblioteekprosesse en beleid; belyning/konvergensie met die Universiteit se visie 2012 en ander strategiese aktiwiteite; fisiese herinrigting van die Biblioteek; gehalteversekeringsaksies; die herposisionering van Informasietegnologie (IT) dienste in die Biblioteek; 'n dinamiese en aktiewe personeelplan; die koördineering en bestuur van projekte; en fondswerwing en die hersiening van die toedelingsformule. Goeie vordering is gemaak met die meeste van hierdie inisiatiewe en baie daarvan is suksesvol afgehandel, soos gesien kan word uit die verslag wat volg.

Die hoogtepunte wat uitgelig kan word, is:

- Die implementering van die Metalib-soekstelsel en die SFX artikel-vlak skakelingsmeganisme.
- Die ontwikkeling van die elektroniese tesisdatabasis.
- Die ontwikkeling van die voorstelle en beplanning vir 'n Elektroniese Bronnesentrum in die JS Gericke Biblioteek.
- Die ontwikkeling van 'n geïntegreerde elektroniese biblioteekopleidingsmodule in WebCT Vista.
- Die suksesvolle simposium wat in November gehou is.

## 2. Personeel

Gedurende 2006 is daar begin met die ontwikkeling van 'n aktiewe personeelplan. Die plan het veral die volgende ten doel gestel:

- Beplanning rondom aftredes en bedankings. Dit kan die volgende behels: opvolgbeplanning, heraanwending van poste, af-/opgradering van poste, afskaf van poste.
- Beplanning vir die uitkontraktering van skoonmaakdienste.
- Die vermindering van ad hoc poste en omskakeling na permanente poste.
- Die instelling van addisionele biblioteekassistentposte by die Bronverskaffingsafdeling.
- Die instel van 'n addisionele pos van Stelselbibliotekaris.
- Die herstrukturering van die Afdeling Beplanning en Bemaking om voorsiening te maak vir die portefeuljes van Bestuursinligtingkoördineerder en Webbestuurder.
- Die herevaluering van poste waarvan die posinhoud verander het.

Die volgende persone het gedurende die loop van die jaar uit diens getree:

Mev JF Botha  
 Me CE Potgieter  
 Mev A Maritz  
 Mev L Meyer  
 Me MM Blignault  
 Mnr AB van Rooi

Die volgende persone is in die loop van die jaar in permanente poste by die Biblioteek-en Inligtingsdiens aangestel.

Me ER Tise as die nuwe Senior Direkteur  
 Mnr TR Reddy  
 Mev LR Johnson  
 Me H Julies  
 Me J Williams  
 Mev LM Botha  
 Mev W Pool  
 Mnr Q Botha

Aan die einde van 2006 het die permanente personeelkomponent van die Biblioteek- en Inligtingsdiens uit 101 poste bestaan.

Me AMM Swanepoel ontvang gedurende 2006 die Rektor se toekenning vir voortreflike diens en mev D Pretorius ontvang 'n langdienstoekenning vir 25 jaar diens aan die Universiteit.

Daar is goeie vordering ten opsigte van diversiteitsteikens tydens 2006 gemaak. Ses van die agt poste wat gevul is, is deur persone uit die aangewese groepe gevul, terwyl slegs twee persone uit die aangewese groepe die diens verlaat het.

Voortgesette personeelopleiding en -ontwikkeling, ten einde te kan voldoen aan die strategiese eise van die omgewing, bly een van die hoogste prioriteite van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Personeellede beskik egter ook oor unieke kundighede wat hulle met kollegas, nasionaal en internasionaal, kan deel. Gedurende 2006 het 39 personeellede 227 opleiding-/ontwikkelingsgeleenthede bygewoon. Die grootste komponent van opleiding en ontwikkeling het geskied binne die inligtingsdiensomgewing wat dan ook die Biblioteek- en Inligtingsdiens se kernbevoegdheid is.

- Mej C Lindoor, Bestelafdeling, was deel van die eerste groep wat die PLUS (Professionele leerderskappe Universiteit van Stellenbosch)-program (administratiewe leerderskappe) suksesvol voltooi het.
- Die CHEC-programme is weer eens goed bygewoon en personeellede het, onder andere, die kursusse in projekbestuur, leierskap, finansies en effektiewe kommunikasie bygewoon.

- Die Senior Direkteur het 'n spanbousessie vir die bestuur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gereël waar daar veral aandag geskenk is aan die bestuur van verandering. Die bestuur en sommige vakbibliotekarisse is blootgestel aan die kursus, *Kommunikasie, kultuur en die beeld van my instansie*, aangebied deur die US Taalsentrum.
- Personeellede se vaardighede ten opsigte van kliëntediens en streshantering is opgeskerp.
- Die rekenaarkursusse aangebied deur die Afdeling Informatietegnologie van die Universiteit bly steeds gewild en dit is veral MS Excel-, Powerpoint- en Webontwerp-kursusse wat goed bygewoon is. Frontpage-opleiding is aan al die vakbibliotekarisse deur Francois Tredoux aangebied.
- Verskeie personeellede het vir die eerste keer, of vir opknapping, noodhulpopleiding ontvang.

### 3. Begroting

Die totale begroting vir 2006 is soos volg toegeken aan die Biblioteek- en Inligtingsdiens:

Tabel 1: Begroting		
	2005	2006
Institusioneel	R 27 609 051	R 27 389 000
Bedryf	R 3 414 737	R 4 250 303
Meubels en toerusting	R 696 907	R 600 000
Salarisse	R 16 841 271	R 15 812 094
<b>Totaal</b>	<b>R 48 565 966</b>	<b>R 48 051 397</b>
Ander inkomste		
Donasies	R 80 100	R 100 000
Borgskappe	R 36 491	R 38 333
Afstandstudente	R 218 480	R 240 800
Boetes	R 102 644	R 107 915
Interne Inkomste	R 158 582	R 29 729
Diverse Inkomste (Binnelands)	R 659 083	R 554 918
Diverse Inkomste (Buitelands)	R 69 622	R 28 088
Rente	R 348 297	R 369 149
Drukwerk (Studente)	R 17 317	R 380 698
Bywoning van kursusse (Simposium)	R 69 300	R 82 800
<b>Totaal</b>	<b>R 1 759 916</b>	<b>R 1 932 430</b>

Die aankoop van wisselkoersdekking in 2006 vir ongeveer 78,5% van die verpligtinge vir tydskrifsubskripsies en databasisse wat in buitelandse geldeenheede betaal word, het tot gevolg dat die verwagte uitgawe teen die kapitaalbegroting met groter sekerheid voorspel kan word.

Die aanpassing van die toedelingsmeganisme bly nog steeds 'n strategiese prioriteit. Die opstel van 'n kapitaalbegroting sonder duidelike verdelingsriglyne lei tot groot onsekerheid by fakulteite. Tussentydse maatreëls wat aan die begin van 2006 in plek gestel is, is weer eens gebruik in die opstel van die 2007 begroting.

Die begrotingskomponent van die fakulteite was R16 071 322 (58,7%) in 2006 en die diskresionêre komponent R11 317 378 (41,3%). 'n Versoek vir verdere afwenteling van die diskresionêre komponent na die fakulteite sal in 2007 aandag geniet.

Goeie samewerking tussen die Bestelafdeling, die vak- en takbibliotekarisse en die departemente binne fakulteite

wat deur hulle bedien word, het tot gevolg gehad dat slegs 4,35% van die totale begroting vir boeke vir 2006 nie spandeer is nie. Die fakulteite het voordeel getrek uit die positiewe wisselkoers in die eerste helfte van 2006 en aanbevelings wat vroeër ingedien is. Meer titels kon dus aangekoop word.

Met die aankoop van die Springer-Kluwer databasis is 159 enkelpapier- en elektroniese subskripsies gekanselleer en kon die R1,7 miljoen wat hierdeur gespaar is, die databasis gedeeltelik bekostig. Slegs 11 tydskriftitels waaraan departemente lae rangordes (4, 5) toegeken het, is deur die loop van die jaar algeheel gekanselleer. Gedurende 2006 is 41 subskripsies vir papierformaat tydskriftitels met die elektroniese formaat vervang waar laasgenoemde goedkoper was. Dit het 'n besparing van R36 317 ten opsigte van enkelpapier- en elektroniese tydskrifsubskripsies teweeggebring.

Akkurate verslagdoening aan fakulteite ten opsigte van die aanwending van toekennings sal in 2007 verder verfyn word.

Die aanpassing van die toedelingsmeganisme bly nog steeds 'n strategiese prioriteit. Die opstel van 'n kapitaalbegroting sonder duidelike verdelingsriglyne lei tot groot onsekerheid by fakulteite. Tussentydse maatreëls wat aan die begin van 2006 in plek gestel is, is weer eens gebruik in die opstel van die 2007 begroting. Daar is egter ongelykhede in die toekennings aan fakulteite. Terwyl sommige fakulteite oënskynlik oorvoorsien is, vind ander dit moeilik om die basiese bronne te bekostig. Dit bly ook steeds 'n uitdaging om met 'n zero-groei kapitaalbegroting in die inligtingsbehoefte van die fakulteite te kan voorsien. Die aanpassings in die jaarlikse begroting maak tans slegs voorsiening vir prysstygings en wisselkoersskommeling. Geen voorsiening word gemaak vir intekeninge op nuwe tydskrifte en databasisse nie. Indien hierdie faset van die begroting nie dringend aandag gaan kry nie, gaan dit vir fakulteite onmoontlik wees om tred te hou met nuwe ontwikkelinge op hulle vakgebiede wat in nuwe vaktydskrifte verskyn.

## 4. Bestuur van die voorraad

### 4.1 Boeke

Gedurende 2006 is 9782 bestellings geplaas en 12 793 bestelde items ontvang, teenoor 9499 bestellings geplaas en 11 788 items ontvang in 2005. Vyftien nuwe elektroniese naslaanwerke is in 2006 toegevoeg tot die Gale-versameling. Aan die einde van 2005 het 654 boeke waterskade opgedoen weens 'n oorstroming in die JS Gericke-gebou. Die vervanging van die boeke is as 'n projek gedurende 2006 in die afdeling hanteer. Feitlik al die titels kon met herbestelling vervang word. Daar is ook in 2006 met 'n projek begin waartydens volgwerksubskripsies jaarliks geëvalueer sal word. Die fakulteite het in 2006 36 kansellasiest goedkeure.

	2003	2004	2005	2006
Boeke	650 922	662 286	671 347	680 706
Ander materiaal	35 593	35 670	35 694	36 382
Tydskrifvolumes (gebind)	343 116	349 961	353 382	354 738
<b>Totaal</b>	<b>1 029 631</b>	<b>1 047 917</b>	<b>1 060 4 23</b>	<b>1 071 826</b>

### 4.2 Tydskrifte

Veranderinge in die aktiwiteite van die afdeling weerspieël die skuif vanaf 'n papiergebaseerde tydskrifomgewing na 'n steeds groterwordende elektroniese komponent. Personeeltyd word meer en meer gewy aan die instandhouding van toegang tot elektroniese bronne deur middel van konfigurasielêers vir die verskeie "proxy"-bedieners in samewerking met die IT afdeling van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, TENET, en andere. Die afdeling was nou betrokke by die implementering van SFX. Die A-Z lys wat deur die afdeling in stand gehou word, bied toegang tot 30 307 elektroniese titels. Daarteenoor word slegs 2470 papiersubskripsies nog deur die afdeling geadministreer.

Groot uitdagings word aan die personeellede in die afdeling gestel om op die voorpunt van ontwikkelinge in hierdie snelveranderende omgewing te bly ten einde die fakulteite binne 'n begroting wat nie aan alle eise kan

voldoen nie, steeds van toereikende inligtingsbronne te verseker. Alternatiewe werkswyses om meer effektiewe insette tot begrotings en finansiële verslagdoening te verseker, is geïmplementeer.

	<b>Papier</b>	<b>Elektronies</b>
Tydskriftitels (subskripsies)	2470	882
Toegang tot volteks tydskrifte (A-Z)		30 307
Aantal soektogte in volteks tydskrifte (A-Z)		266 399


Die inbinding van die tydskriftitels in papierformaat het met die herstrukturering van die US Bindery gedurende 2006 'n ondersoek na alternatiewe binders, waar kwaliteit en pryse vergelyk moes word, genoodsaak. Die afdeling maak nou sedert 2006 van meerdere eksterne binders gebruik en bekom jaarliks kwotasies vir bindwerk om dit op die mees koste-effektiewe wyse te bedryf.

#### **4.3 Elektroniese bronne**

Die aankoop van elektroniese bronne het in 2006 'n fase van konsolidering betree. Dit is as gevolg van die feit dat die bronne nou in die meeste gevalle aan die behoeftes van die akademiese gemeenskap voldoen en dat meeste van die vakgebiede gedek word. 'n Begin is gemaak met die aankoop van meer boeke in elektroniese formaat, veral naslaanwerke. Voorbeelde hiervan is die elektroniese weergawe van die gewilde *Encyclopedia of Science and Technology*, *AccesScience*.

Meer sogenaamde "open access", of gratis, bronne het op die Internet verskyn. Die Biblioteek- en Inligtingsdiens handhaaf egter 'n beleid van streng keuring van hierdie bronne voordat dit as bron op die Biblioteek se webwerf aan die akademiese gemeenskap aangebied word. So het Suid-Afrika gratis toegang tot JSTOR, 'n argief wat toegang gee tot 794 tydskriftitels, verkry.

Die gebruik van elektroniese bronne het 'n stewige styging in 2006 teenoor 2005 getoon. Dit is behaal ondanks die feit dat daar min bronne bykomend gedurende 2006 aangekoop is. Die groter bewusmaking op kampus van die bronne wat die Biblioteek- en Inligtingsdiens aanbied, deur middel van die vak- en takbibliotekarys en die dosente, asook die implementering van die studente-portaal en ander toepassings soos SFX, Metalib en EZProxy kon hiertoe bygedra het.



Die tien databasisse wat die meeste gebruik is, is:

1	Academic Search Premier	240 866
2	SAePublications	157 062
4	Index to SA Periodicals	99 176
5	Business Source Premier	88 983
6	Web of Science	72 952
7	SA Media	45 720
8	SACat – Sabinet	38 178
9	ERIC (EbscoHost)	27 856
3	ScienceDirect	23 738
10	Emerald	20 710

Die aantal volteks-artikels wat gedurende 2006 aangevra is, was 613 975.

#### 4.4 Katalogisering

Die Katalogiseerafdeling het 14 533 nuwe boeke (papier of elektronies), DVD's en ander tipes materiaal in die rekenaarkatalogus opgeneem. Daar is ook vir 6 415 boeke vir die eerste keer bibliografiese- en itemrekords in die rekenaarkatalogus geskep (om hul kaartkatalogus rekords te vervang) en vir 1 361 boeke moes daar wysigings in hul rekenaarkatalogusrekords aangebring word, byvoorbeeld as gevolg van verskuiwings in die voorraad.

Daar is ook 8 334 boeke as gevolg van die uitdunningsbeleid uit die voorraad onttrek en die nodige wysigings in die betrokke katalogusrekords aangebring. Die departementele versameling van die Departement Geologie is in die sentrale biblioteek opgeneem en die nodige wysigings is op die rekenaarkatalogus aangebring. Die aantal gekeurde boeke in hierdie versameling waarvoor daar slegs kaartkatalogusrekords bestaan, word as 'n projek van die afdeling nou van rekenaarkatalogusrekords voorsien.

Die Katalogiseerafdeling dra steeds by tot die uitbou van die nasionale asook internasionale rekenaarkatalogi deur deelname aan SACat en WorldCat van die Online Computer Library Center (OCLC).


## 5. Kliëntediens

### 5.1 Bronverskaffing

Hernuwings het gedurende die verslagjaar by die JS Gericke Biblioteek met 39% afgeneem en uitreikings het met 7,7% toegeneem, in teenstelling met die toename van slegs 2% in 2005. Die uitleenafdeling is van mening dat dit 'n direkte gevolg van die inkorting van die hernuwingsvoorregte is aangesien veel meer boeke vir uitleen op die rakke beskikbaar was vir kliënte.

In teenstelling met 2005 was die Selfuitreikeenheid gedurende die verslagjaar

in volle werking en kon goeie statistiek ten opsigte van die gebruik van die eenheid gegeneer word. Ongeveer 26% van die uitleenafdeling se totale aantal uitreikings vir 2006 het by die eenheid plaasgevind en is 'n bewys dat die Selfuitreikeenheid 'n belangrike deel uitmaak van die afdeling se uitleenaktiwiteite.





Die verslagjaar was die eerste jaar waartydens die prosedures en voorwaardes ten opsigte van die dekkende outeursreglisensie vir die volle duur van die jaar gegeld het.

Wat interbiblioteeklenings betref, is daar steeds 'n afname in transaksies in die geheel aangesien die beskikbaarheid van inligting in elektroniese formaat steeds groei. Kopiereg (soos bepaal deur lisensievoorwaardes) op elektroniese bronne beperk instansies om die bronne waartoe hulle toegang het aan mekaar beskikbaar te stel en met mekaar te deel. Hoewel daar in 2005 gemeen is dat die afwaartse tendens gestabiliseer het weens die 1,6% styging in die totale aantal transaksies wat daardie jaar hanteer is, wil dit voorkom asof dit steeds voortduur aangesien daar in 2006 weer 'n afname van 6,4% ervaar is.

Die rol van die interbiblioteekleningspersoneel verander steeds toenemend vanaf dié van die blote hantering van die materiaal aanvrage na dié van die kontrolering van biblioteekbesit en die opleiding van kliënte in die gebruik van elektroniese bronne en gevolglik is in die verslagjaar 1 810 uit 13 949 aanvrage van kliënte terugverwys omdat die bronne wel in elektroniese formaat by die Biblioteek- en Inligtingsdiens beskikbaar is.

In Sabinet se 2006 lys van top aanvrage/verskaffers, is die Universiteit Stellenbosch as die derde grootste verskaffer en die tweede grootste aanvrage in Suid-Afrika aangedui. Verder is ondervind dat die Biblioteek- en Inligtingsdiens se artikelverskaffing aan ander instansies ook toegeneem het.

Daar word steeds aktief gewerk aan die bemagtiging van biblioteekkliënte om hulle eie aanvrage met behulp van die Pre-Request-stelsel van Sabinet te doen, deur middel van die deurlopende verskaffing van riglyne vir die gebruik van Pre-Request, asook van Sabinet-wagwoorde.


Sestig briewe is in die verslagjaar aan US- kliënte uitgereik wat uitleenvoorregte van ander Cape Library Consortium (CALICO)-biblioteke benodig het en 46 briewe is van CALICO-kliënte ontvang vir uitleenvoorregte by die US Biblioteek- en Inligtingsdiens. By die JS Gericke Biblioteek is 1 653 besoekers van CALICO-biblioteke ontvang en 1 196 items is aan CALICO-lede uitgeleen.

## 5.2 Inligtingverskaffing

Proaktiewe inligtingsdienslewering (byvoorbeeld aktualiteitsdienste) en proaktiewe skakeling met fakulteite en akademiese departemente word in die Vakbibliotekarisafdeling as waardetoevoegend beskou. In 2005 is begin met eenvormige en breedvoerige rapportering hieroor in die kwartaalverslae van die vakbibliotekarisse, wat voortgesit is in 2006. Vakbibliotekarisse word ook aan die sukses, al dan nie, van hierdie aktiwiteite in hul jaarlikse werksooreenkomste gemeet.

Inligtingverskaffing is die onderskeidende funksie van die vakbibliotekarisse en bewyse van die tipe navrae en antwoorde met hergebruikswaarde word op die QuestionPoint KnowledgeBase vasgelê. Dit is nie 'n kwantitatiewe aanduiding van navrae wat ontvang is nie - eerder 'n beweging in die rigting van kwalitatiewe meting ten opsigte van inligtingverskaffing – en reflekteer dus nie die volle omvang van alle navrae wat deur vakbibliotekarisse hanteer word nie. Tans dra die Biblioteek- en Inligtingsdiens by tot die inhoud van die South African National KnowledgeBase.

In 2006 is 'n voorraadevalueringsaksie, wat voortaan elke twee jaar uitgevoer sal word, deur die vak- en takbibliotekarisse, in samewerking met hulle onderskeie akademiese departemente aangepak en teen September voltooi. 'n Evalueeringsinstrument (gebaseer op die Conspectus-model), wat bestaan uit 'n vraelys waarvan die resultate omskep word in 'n vakprofiel, is in 2004-2005 ontwikkel waarmee die meting gedoen is. Vakprofiel is na afloop van die meting vir alle akademiese departemente opgestel en beskikbaar gestel en tot en met die volgende evalueringssaksie werk vak- en takbibliotekarisse en hulle departemente nou aan die




regstelling van versamelingsvlakke, leemtes, agterstande en ander gebreke wat met die metings uitgewys is. Hierdie evalueringsaksie is oor die algemeen baie goed deur alle departemente ervaar en die algemene terugvoer was dat sinvolle en insiggewende bestuursinligting ten opsigte van hul biblioteekvoorraad hiermee aan departemente voorsien is.

### 5.3 Afstandstudente

Die ontwikkelingswerk wat die afgelope aantal jare by die Afstandstudente-dienspunt in die JS Gerike Biblioteek gedoen is, het meegebring dat werksaamhede by hierdie dienspunt in 2006 baie vlot verloop het.

Die aantal studente wat gedurende die verslagjaar van die dienste van die Afstandstudente-dienspunt in die JS Gerike Biblioteek gebruik gemaak het (Grafiek 4), het met 18 studente verminder vanaf 124 in 2003 na 106 in 2004. Dit het weer in 2005 toegeneem met 37 studente na 'n totaal van 143, en in 2006 gestabiliseer op 139 studente.



Die totale aantal afstandstudente het in 2005 redelik afgeplat met 'n styging van 240 studente na 'n totaal van 1698. Hierdie totaal styg in 2006 slegs met 30 studente tot by 'n totaal van 1728 studente. Die aantal aktiewe afstandstudente daal egter vanaf 184 studente na 160 studente.

### 5.4 Dienste aan nie-universiteitskliënte

Dienste, soos lenings van biblioteekmateriaal en beperkte opleidings- en inligtingsverskaffingsdienste, is weer in die loop van die verslagjaar aan 'n groot verskeidenheid nie-universiteitskliënte by al die biblioteke van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gelewer. Hierdie groeperings sluit in: lede van die publiek (besoekers of lede van die publiek wat individueel as lede van die biblioteek aansluit), Cape Library Consortium (CALICO)-kliënte (CALICO-besoekers, sowel as diegene wat as CALICO-kliënte aansluit), alumni van die Universiteit Stellenbosch, leerders van skole, institusionele lede, en verskeie ander groeperings.


Vier instansies het in 2006 as institusionele lede aangesluit, naamlik die Stellenbosch Academy of Design and Photography, die Stellenbosch Academy for Health and Skin Care, die Private Hotel School en die Boland Kollege (Stellenbosch). Dienste aan hierdie lede is behartig deur die personeel verantwoordelik vir afstandstudente en institusionele lede.

### 5.5 Inligtingsgeletterdheid

Soos in vorige jare is inligtingsgeletterdheid en daarmee saam dus die opleiding van kliënte steeds 'n strategiese prioriteit van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Gevolglik het opleiding weer eens 'n groot deel van die vak- en takbibliotekaris se taak van dienslewering aan kliënte in 2006 uitgemaak. Die opleidingstatistiek wat hier voorsien word, sluit dié van sowel die Vakbibliotekarisafdeling as die takbiblioteke in.

#### Primêre kliënte

Die aantal primêre kliënte wat in fakulteitsverband in groepe opgelei is, het in 2006 konstant gebly, na die afname wat in 2005 plaasgevind het. Die afname by Lettere en Sosiale Wetenskappe kan waarskynlik toegeskryf word aan die kredietdraende



biblioteekopleiding wat in die Inligtingsvaardighede 172 module (kyk *Formele opleiding* hieronder) aangebied is en wat alle eerstejaars van die fakulteit insluit en generiese groepsopleiding vir die verskillende vakdissiplines vervang het. Toenames het egter by Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Natuurwetenskappe voorgekom, met die gevolg dat die totaal vir groepsopleiding min of meer dieselfde is as in 2005.

*Grafiek 5* dui 'n afname in groepsopleiding vir voorgraadse

studente aan, maar 'n toename ten opsigte van nagraadse studente. Dit is 'n interessante nuwe tendens wat voortaan dopgehou sal word.

Die fakulteit waar die grootste persentasie kliënte met groepsopleiding bereik is (*Grafiek 6*), is Regsgeleerdheid, waar kurrikulumgeïntegreerde opleiding voorsien is, met die verwagte kleiner persentasie kliënte (8,87%) wat individuele opleiding benodig het. Die fakulteit waar die grootste persentasie kliënte deur middel van individuele opleiding bereik is, is Lettere en Sosiale Wetenskappe, naamlik 40,7%. Die groepsopleiding vir hierdie fakulteit is die tweede hoogste (33,18%). Dit gee 'n aanduiding van die swaar werklading van die vakbibliotekaris wat hierdie fakulteit bedien en die doelwit behoort te wees om die groepsopleiding te verhoog en die tydsintensiewe individuele opleiding te verlaag.

#### Nie-universiteitskliënte

Van die 1 234 nie-universiteitskliënte wat in 2006 opgelei is, is 890 kliënte (72,12%) in groepe en 344 kliënte (27,88%) individueel bereik. Laasgenoemde het 110 lesure in beslag geneem teenoor slegs 39 lesure wat benodig is om 890 kliënte in groepe op te lei.

#### Formele opleiding


Die Biblioteek- en Inligtingsdiens is betrek by die ontwikkeling van die Inligtingsvaardighede 172 module van die US se Departement Sosio-Informatika en vakbibliotekaris vir Lettere en Sosiale Wetenskappe het gedurende die eerste kwartaal kredietdraende biblioteekopleiding aangebied as deel van die module.

'n Geïntegreerde elektroniese biblioteekopleidingsmodule is ontwikkel in samewerking met WebCT Vista-personeel. Die biblioteek is gevra om hierdie metode waarvolgens studente se inligtingsbehoefes binne die departementele module bevredig kan word by die Sentrum vir Onderrig en Leer se e-Leer mini-konferensie op 31 Mei 2006 te demonstreer. Pieter du Plessis, vakbibliotekaris vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, het die aanbieding gedoen. Reëlings is daarna getref vir 'n pasgemaakte WebCT Vista-opleidingsessie by die Sentrum vir Onderrig en Leer se opleidingsentrum vir 'n aantal vakbibliotekarisse. Hierdie sessies sal in 2007 voortgesit word vir die res van die vakbibliotekarisse asook die takbibliotekarisse en daar word beoog om hierdie opleidingsmodule in die toekoms by soveel moontlik vakdissiplines, waar dit haalbaar sal wees, in te faseer.

Basiese, generiese opleiding is weer met sukses onder die *Getwise@URLibrary*-vaandel in die week van 6-10 Februarie, direk na die verwelkomingsweek vir nuwelingsstudente, aangebied. Daar is 157 studente opgelei – meestal eerstejaars – en die afleiding kan gemaak word dat die bemerking daarvan tydens die verwelkomingsweek bygedra het tot die verbeterde deelname aan die opleidingsessies.

'n Nuwe weergawe van die *Gids tot die Biblioteekatalogus* is met behulp van die *Viewlets*-program voltooi en op die webtuiste van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gepubliseer.

**Grafiek 4: Groepsopleiding: Persentasie studente opgelei**



'n Webblad rondom plagiaat is ontwikkel en voltooi en as deel van die webblad vir inligtingsgelettertheid gepubliseer.

### 5.6 Nuwelinge verwelkoming

Verwelkomingsprogramme vir nuwelingstudente is weer in 2006 by sowel die JS Gericke Biblioteek as die takbiblioteke aangebied. Die verwelkomingsessies van laasgenoemde is egter, soos in die verlede, aangebied in 'n formaat en op 'n tyd wat die betrokke biblioteek en sy kliëntegroep die beste pas.

In 2006 het 838 studente die rondleidings bygewoon, teenoor die 769 studente van 2005. Volgens die afdeling Institusionele Beplanning het 3 901 studente op 30 en 31 Januarie 2006 geregistreer. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe neem egter nie aan die rondleidingsprogram deel nie en slegs 1868 geregistreeerde studente sou dus potensieel betrokke wees by die program. Daarvan het 838 dit wel bygewoon en daar was dus 'n 45% bywoningsyfer by die rondleidingsessies van die biblioteek. Die Fakulteit Natuurwetenskappe het die hoogste bywoningsyfer gehad, met 60% geregistreeerde eerstejaars wat die rondleidings bygewoon het, terwyl Lettere en Sosiale Wetenskappe se bywoningsyfer die swakste was, met slegs 30% geregistreeerde eerstejaars. In die geheel was daar 'n 7% verbetering in die bywoning van die verwelkomingsprogram vanaf 2005 na 2006.

Departement	Hoeveelheid registreer	Hoeveelheid by rondleidings	Persentasie
Agriwetenskappe	276	88	32%
Lettere en Sosiale Wet.	924	352	30%
Natuurwetenskappe	535	320	60%
Opvoedkunde	112	57	51%
Teologie	21	21	100%
<b>Groot Totaal:</b>	<b>1868</b>	<b>838</b>	<b>45%</b>

## 6. Takbiblioteke

### 6.1 Ingenieurs- en Bosboubiblioteek

Na die voltooiing van die uitbreiding aan die Ingenieursbiblioteek in Desember 2005 is die versamelings van die Bosboubiblioteek in Januarie 2006 na die nuwe vleuel in die Ingenieursbiblioteek oorgeskuif en het die twee biblioteke dus as een gekombineerde biblioteek onder die nuwe naam, Ingenieurs- en Bosboubiblioteek, begin funksioneer. Die algemene naslaanafdeling en die Bosbou-boek- en pamfletversamelings is in die nuwe vleuel gehuisves, terwyl die tydskrifte-versameling voorlopig by dié van Ingenieurswese gevoeg is. Met die opening van die nuwe gekombineerde biblioteek op 17 Maart 2006 is groot waardering uitgespreek vir die moeite wat gedoen is om die karakter van die voormalige Bosboubiblioteek sover as moontlik te probeer behou.

### 6.2 Musiekbiblioteek

Goeie vordering is in 2006 gemaak met die aanskaf van kernmateriaal vir die Koorleidingsafdeling waar die laaste paar dekades groot leemtes in die versameling ontstaan het. Die verdere vulling van hierdie leemtes sal in 2007 voortgesit word.

Daar is op verskeie terreine baie goeie vordering gemaak met werksaamhede in die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS). Katalogiseerdes van die Musiekbiblioteek het 'n verdere 248 titels (543 items) uit die bladmusiekversameling van die Arnold van Wyk-boekery tydens die verslagjaar verwerk en gekatalogiseer. Danksy die verlenging van die ad hoc aanstelling van Santie de Jongh (met finansiële hulp van die Departement Musiek) vir die uitvoering van die werk in DOMUS, is die Jannasch-nalatenskap met behulp van 'n Honneursstudent in Musiek gesorteer en 'n katalogus daarvoor opgestel; die Coates-versameling, die grootste enkele versameling wat tans in die sentrum gehuisves word, se verwerking en die opstel van 'n katalogus daarvoor is voltooi; daar is begin met die ordening van die Rosa Nepgen-nalatenskap; en die programme en efemera in die Frits Stegmann-versameling is van die Molteno-skenkingslokaal na DOMUS verskuif waar 'n voorlopige sortering

in proses is.

Dit is verblydend dat die werk wat die afgelope twee jaar in hierdie afdeling van die Musiekbiblioteek plaasgevind het 'n groot impetus ten opsigte van navorsing by die Departement Musiek tot gevolg gehad het. In 2006 het verskeie publikasies wat op navorsingsmateriaal in DOMUS gebaseer is in gesaghebbende en geakkrediteerde musiektydskrifte verskyn. Verder is ook sewe referate, gebaseer op navorsingsmateriaal in die afdeling, by die kongres van die Musiekwetenskapvereniging van Suidelike Afrika wat in September 2006 in Potchefstroom gehou is, gelewer en minstens ses Honneurs-skripsies en Magister-verhandelinge wat uit hierdie materiaal voortgespruit het, is tans onderweg of reeds in 2006 afgehandel.

### **6.3 Teologie Biblioteek**

Gedurende 2006 is die herinrigting van die Teologie Biblioteek afgehandel. 'n Tydskrifuitdunningsprojek, spesifiek ten opsigte van die sinodeverslae wat in die biblioteek gehuisves is, is in 2006 van stapel gestuur en afgehandel. Slegs sinodeverslae van die Algemene Sinode en Kaapse sinodes van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en die Verenigde Gereformeerde Kerk (VGK) sal voortaan in die Teologie Biblioteek gehuisves word. Die res van die voorraad is aan die NGK Argief geskenk ten einde hul voorraad volledig te maak. Weens die toeganklikheid en ligging van die argief op die terrein van die Kweekskool is hierdie bronne uiteraard steeds ten volle toeganklik vir gebruik deur kliënte van die Teologie Biblioteek.

### **6.4 Gesondheidswetenskappe Biblioteek**

Ontevredenheid oor die diensure van die Gesondheidswetenskappe Biblioteek het geblyk uit die LibQual-meningsopname wat die Biblioteek- en Inligtingsdiens in 2005 uitgevoer het. Verder is verskeie klagtes en skrywes hieromtrent van studente van die Fakulteit ontvang en die kwessie het ook tydens die Raad op Hoër Onderwys se Gehaltekomitee-oudit ter sprake gekom.

Daar is derhalwe besluit om in 2006 deur middel van 'n meningsopname by personeel en studente van die Fakulteit vas te stel wat die werklike behoeftes is en, indien moontlik en haalbaar met die bestaande personeelkomponent, die ure aan te pas om die biblioteek meer toeganklik vir kliënte te maak. In Augustus 2006 is 'n elektroniese vraelys aan alle studente en personeel van die Tygerbergkampus uitgestuur waarin hulle 'n verkieslike sluitingstyd vir Maandae tot Donderdae, asook Vrydae en Saterdag kon aandui. 'n Groot meerderheid het aangedui dat langer ure inderdaad verkies word. Ongeveer 30% van die respondente het ook aangedui dat hulle die biblioteek as 'n studielokaal wil gebruik.

Na aanleiding van die resultate van die opname is gevolglik besluit om vanaf Februarie 2007, vir 'n toetstydperk van vyf maande, die diensure te verleng.

### **6.5 USBI**

Weens die nagraadse fokus by die US Bestuurskool word 'n hoë premie op die opleiding van biblioteekkliënte geplaas en sowat 350 kliënte is in die loop van 2006 in groepsverband opgelei. 'n Nuwe ontwikkeling is 'n program vir opleiding in navorsingsmetodologie wat in samewerking met akademiese personeel van die Bestuurskool ontwikkel is en vir die eerste keer in 2006 aangebied is. Hierdie is 'n omvattende opleidingsprogram wat in sessies van 2-3 uur lank in 'n elektroniese klaskamer aangebied word. Die breë doelstellings van die uitkoms van die program is, onder meer: 'n begrip vir die belang van inligting vir studie en navorsing; 'n positiewe siening van die biblioteek se ondersteuningsrol vir studie en navorsing; verbetering van kennis en begrip omtrent die beskikbare inligtingsbronne in 'n bepaalde vakdissipline; die ontwikkeling van 'n bepaalde vlak van bedrewendheid ten opsigte van soekstrategieë en metodes vir die vind van relevante inligting vir studie en navorsing; kundigheid ten opsigte van plagiaat, kopiereg en die dokumentering van bibliografiese verwysings vir akademiese verslae. Die positiewe evaluering van die program en die aanbieding daarvan deur studente wat dit bygewoon het, dui op die suksesvolle uitkoms daarvan. Die program sal verder verfyn word in 2007.

## **7. Spesiale versamelings**

Werk aan die HB Thom- en die J du P Basson-versamelings wat vir die Dokumentesentrum beplan is, het goed gedurende die verslagjaar gevorder. Sewe nuwe versamelings is in die Dokumentesentrum opgeneem en byvoegings is by 'n aantal bestaande skenkings gedoen, onder meer dié van Audrey Blignaut, Japie Basson en

HB Giliomee. Drie skilderye uit Marjorie Wallace se boedel is ook in 2006 aan die Dokumentesentrum geskenk. Die mees noemenswaardige Africana-aankope was die vervangingskopie vir die gesteelde *Gerard Sekoto* deur Barbara Lindop, wat vir R4 500 aangekoop is, asook die bestelling van uit-druk kopieë van die belangrike tydskrifreeks *Bantu Studies*. Wat skenkings betref, is 'n paar goeie vondse uit die DJ Opperman-, Barend Toerien-, Dian Joubert- en Tommie Beckley-boekskenkings vir beide Africana en die Beskermdse Versameling aangewins. Mnr CHB Gersbach, voorsitter van die Louis Hiemstra Trust, het ook 'n hele aantal onlangse publikasies aan die biblioteek geskenk waaruit daar 'n aantal vir Spesiale Versamelings opgeneem is.

Katalogiserings- en indekseringswerk is aan 17 dokumenteversamelings afgehandel. Dit sluit die belangrike SP Cilliers-versameling in wat finaal afgehandel is en waarvan die bekendstelling van die katalogus in 2006 plaasgevind het. Die suksesvolle en tydige afhandeling van kleiner versamelings, die werk ten opsigte van die ordening en katalogisering van die Africana-pamflette en die laai en indeksering van sowat 209 beelde indie DSpace-databasis verdien ook vermelding.

Belangrike resultate van navorsing wat in die Afdeling Spesiale Versamelings gedoen is en grotendeels of selfs uitsluitlik afhanklik was van bronne en inligtingsverskaffing binne die afdeling was, onder meer:

- Die boek *Hannes van der Merwe: argitek en skrywersvriend* deur John Kannemeyer wat in die verslagjaar verskyn het. Kannemeyer het sy navorsing gedoen uit die dokumentversameling van Van der Merwe wat in die Dokumentesentrum gehuisves word.
- Die tweede outobiografiese publikasie van Japie Basson, *Politieke kaarte op die tafel*, verskyn ook in 2006. Die sortering van sy dokumente in die Dokumentesentrum het tot 'n groot mate bygedra tot die vergemakliking van die skryf van dié werk.
- Karen Stewart, 'n nagraadse kunsstudent, se MA navorsing getiteld *Opening the curiosity box: Botanical images as sites of transformation for the scientific practices of annotation and display in the seventeenth and eighteenth century* is ook in 2006 voltooi. Stewart het grotendeels gebruik gemaak van oorspronklike Africana bronne wat nêrens anders beskikbaar is nie. Sy het reeds haar graad ontvang en 'n publikasie wat daaruit spruit is in die pyplyn.

## 8. Informatietegnologie (IT)

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se IT afdeling het tydens 2006 'n aantal projekte van stapel gestuur om verskeie toepassings van informatietegnologie binne die biblioteek- en inligtingsomgewing aan te spreek. Sommige van die projekte is tydens 2005 geïnisieer en is in 2006 gefinaliseer. Die projekte het toepassings soos elektroniese tesisse, 'n databasis vir navorsingsuitsette, 'n "proxy"-bediener vir buite-kampus toegang tot die Biblioteek se elektroniese bronne, 'n gelyktydige soekmeganisme (oftewel "federated search tool") en skakelingsmeganisme vir elektroniese bronne, 'n foutrapporteringstelsel vir biblioteektoepassings en verskeie digitale bewarings- en digitaliseringsinisiatiewe aangespreek.

Meer aandag is tydens 2006 geskenk aan goeie stelseladministrasie prosedures, met een voltydse IT personeellid wat begin het om meer gededikeerde tyd daaraan af te staan. Die resultate was positief en hierdie gesonde praktyk sal in 2007 voortgesit word omdat dit vroeër as 'n leemte binne die omgewing geïdentifiseer is.

Die voortgesette administrasie van die geïntegreerde biblioteekbestuurstelsel, Aleph, het die nodige aandag geniet en verskeie foutregstellings ("service packs") is geïnstalleer om foute in die stelselsagteware uit te skakel. In 2006 sal daar voortgegaan word met die implementering van die Aleph Reporting Centre (ARC)-module vir verbeterde verslagdoening.

Die personeel van die IT afdeling het ook die Developing Information Technology Capacity in Higher Education (DITCHE)-simposium wat deur TENET georganiseer word, bygewoon en dit van groot waarde gevind.

## 9. Gehalteversekering

Die finale verslag van die HEQC, insake die oudit wat gedurende Oktober 2005 by die Universiteit uitgevoer is, is gedurende die loop van die jaar ontvang. In die verslag word 21 aanbevelings ("recommendations") en 9 aanprysings ("commendations") aan die Universiteit gemaak. Aanprysing 4 lui as volg: "The HEQC commends Stellenbosch University on its Library Services which hold impressive collections of books and journals, are

*efficient and well run, and serve the needs of the academic community well."*

Die Gehalteversekeringskomitee het gedurende 2006 verdere vordering gemaak met die finalisering van die Gebalanseerde Telkaart waarop die gehalteversekeringsstelsel van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gebaseer is. Mnr J Engelbrecht het met die hulp van mee M Roux en L Schoombee gedurende Juniemaand 'n referaat oor die gehalteversekeringsproses aan die hand van die Gebalanseerde Telkaart by 'n simposium oor gehalteversekering wat deur die Foundation of Tertiary Institutions of the Northern Metropolis (FOTIM) in Pretoria gereël is, gelewer.

## **10. Nasionale en internasionale samewerking**

Nasionale en internasionale samewerking is voortgesit op verskeie vlakke en in verskeie forums, soos in die verlede. Op streeksvlak het aktiwiteite van die Cape Library Consortium (CALICO) prioriteit geniet. Die Raad van CALICO het goedgekeur dat 'n omvattende ondersoek na die CALICO-stelsels in 2007 gedoen word. Op nasionale vlak was senior bestuurslede betrokke en het bydraes gelewer by die Committee for Higher Education Librarians of South Africa (CHELSA), die Coalition of South African Library Consortia (COSALC), die South African Bibliographic and Information Network (SABINET), die Library and Information Association of South Africa (LIASA), die Developing Information Technology Capacity in Higher Education (DITCHE)-simposium en by ander aktiwiteite van die streekskonsortium.

Die Senior Direkteur, me E Tise, het ook verskeie nasionale en internasionale forums toegesprek en bygewoon. Mnr J Engelbrecht, die Adjunkdirekteur, het 'n referaat gelewer by 'n CHELSA-konferensie getiteld *Quality assurance in Higher education: Mission (im)possible?* en ook die IATUL-konferensie in Oporto, Portugal bygewoon. Me M Seyffert het 'n referaat by die South African Preservation and Conservation group (SAPCON)-konferensie in Kimberley aangebied. Mnr W Klapwijk was een van die sprekers by die jaarlikse simposium van die Biblioteek- en Inligtingsdiens wat in November plaasgevind het. Die Senior Direkteur dien as direkteur op die rade van SABINET en Sabinet Online .

Die internasionaal bekroonde Amerikaanse bibliotekaris, prof Robert Stueart, het 'n lesing met die titel, *Trends and issues in preparing librarians and related information/knowledge professionals for the future*, in die ouditorium aangebied vir al die bibliotekarisse in die Wes-Kaap.

Internasionale skakeling is ook voortgesit, veral met die Online Computer Library Center (OCLC), waarvan die Senior Direkteur die enigste Afrika-lid is wat dien op die Raad van Lede. Drie vergaderings van die OCLC Raad van Lede is bygewoon in Dublin, Ohio in Februarie, Mei en Oktober. By twee geleenthede is aanbiedinge gedoen oor Suid-Afrikaanse biblioteekdienste. In Mei het die Senior Direkteur ook besoek afgelê by die Cornell- en Columbia-universiteite om bande te smee en inligting in te win oor nuwe dienste, ens. Dit was insiggewende besoeke.

Betrokkenheid in Afrika het plaasgevind deur middel van die Senior Direkteur se betrokkenheid by die Staande Komitee van die Afrika Seksie van die International Federation of Library Associations (IFLA), waarvan sy 'n lid is. Mnr S Fredericks van die Gesondheidswetenskappe Biblioteek het die US Biblioteek- en Inligtingsdiens by die Standing Conference of Eastern, Central and Southern African Library and Information Associations (SCECSAL)-konferensie in Dar-es-Salaam, Tanzanië, verteenwoordig.

Die IFLA World Library and Information Congress word in Augustus 2007 vir die eerste keer in Suider-Afrika aangebied, en wel in Durban. Die Senior Direkteur is sedert 2003 aktief betrokke by die reëlings as voorsitter van die plaaslike organiseringskomitee.

## **11. Beplanning en Bemaking**

Die Afdeling Beplanning en Bemaking het gedurende 2006 gebruiklikerwys 'n belangrike bydrae gelewer om kommunikasie met kliënte te bevorder, die sigbaarheid van die Biblioteek- en Inligtingsdiens te verhoog en 'n professionele korporatiewe identiteit te handhaaf.

Kommunikasie-geleenthede en openbare betrekkinge het ingesluit: die aanbied van 'n Biblioteekweekprogram tussen 13 en 17 Maart; deelname aan die Universiteit se opedag en deurlopende insette en bydraes vir *KampusNuus*, *Die Matie*, *Maties FM*, *Eikestadnuus*, *Mymaties.com*, *Maties.com*, en ander

algemene kampusmedia. Die algemene Biblioteek- en Inligtingsdiensbrojures asook 'n aantal vakspesifieke brojures is opgedateer. Drie uitgawes van die elektroniese nuusbrieff, *Bibnuus*, en vier uitgawes van *Subnuus*, die personeelnuusbrieff, is gepubliseer en onderskeidelik aan personeel en kliënte versprei.

Ander belangrike bemerkings-/kommunikasie-aktiwiteite wat gedurende 2006 aandag geniet het, sluit in:

- Die ontwikkeling van 'n personeelportaal en dokumentbestuurstelsel vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens is afgehandel. Personeel is deeglik opgelei in die gebruik van die stelsel en dokumentasie is van die algemene netwerkspasie na die portaal oorgedra. Die personeelportaal is teen die einde van November 2006 in gebruik geneem.
- 'n Nasionale vergelykende analise van die LibQual-meningsopname wat in 2005 gedoen is, asook 'n uiteensetting van die resultate is in 'n publikasie vervat wat aan Biblioteekkomiteede en dekane versprei is.
- 'n Interne fondsinsamelingspoging ten bate van die Watergarden-gemeenskapsprojek vir die kinders van Klapmuts is ook van stapel gestuur waarop personeel gereageer het met 'n totale bydrae van R1172. Die Biblioteek het 'n verdere R1000 geskenk om die totaal R2000 te maak. Die bedrag is aangewend om tien gazebo's aan te koop wat gebruik sal word om groepwerk in die buitlug met die kinders te vergemaklik. Ander items wat ook geskenk is, is staalrakke vir die biblioteek, ou woordeboeke, kompakte skywe en 'n tweedehandse digitale kamera. Tydskrifte en tweedehandse rekenaars sal ook op 'n deurlopende basis geskenk word wanneer dit beskikbaar is.
- 'n Elektroniese meningsopname is met die Oracle-stelsel ontwikkel en 'n meningsopname is daarmee onder personeel en studente van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe uitgevoer, wat gelei het tot die aanpassing van die Gesondheidswetenskappe Biblioteek se ure.



## 12. Simposium

Die suksesvolle simposiumreeks is gedurende 2006 voortgesit met die negende jaarlikse simposium, getiteld *Academic libraries : Proactive partners in learning and research*.

Die oorsese sprekers wat opgetree het, was dr Tony Hey van die Microsoft Corporation in die VSA, mnr Richard Wallis van Talis in Engeland, en me Jenny Walker van Xrefer, ook in Engeland.

Die simposium is bygewoon deur 128 afgevaardigdes, hoofsaaklik van tersiëre instansies in Suid-Afrika.

## 13. Nuwe inisiatiewe

### 13.1 Elektroniese Bronnesentrum

Die behoefte vir die inrigting van 'n Elektroniese Bronnesentrum in die JS Gericke Biblioteek is drie jaar gelede geïdentifiseer as 'n hoë prioriteit. 'n Voorstel en kosteberaming is in 2006 voltooi, asook 'n fondsinsamelingsvoorlegging vir die projek. Die totale koste vir die projek is beraam op R6 miljoen in Julie 2006.

Die verskaffing van inligting (insluitend opleiding) aan ons kliënte is as die kernfunksie van die Biblioteek- en Inligtingsdiens geïdentifiseer in die *Strategie vir die Millennium 2000*. Hierdie strategie is gebaseer op internasionale tendense wat ook plaaslik 'n impak het, soos die groei van elektroniese bronne en daarmee saam 'n groeiende behoefte aan inligtingsvaardighede. Ander aspekte wat hiermee saamgaan is die geweldige jaarlikse koste van elektroniese bronne (ongeveer R12 miljoen per jaar) en die veranderde rol wat die kenniseconomie van die bibliotekaris vereis. In praktiese terme beteken dit dat die tien-sitplek opleidingslokaal in die JS Gericke Biblioteek totaal ontoereikend is, en dat die ander rekenaargebruikersareas op kampus dikwels nie tot die beskikking van die Biblioteek is nie. Om gestand te doen aan genoemde kernfunksie is 'n groter opleidingslokaal dringend nodig.

Hierdie inisiatief is in ooreenstemming met die strategiese doelwitte en prioriteite van die Universiteit en sal meehelp om gestalte te gee aan die vyf-punt visiestelling deurdat die ontwikkeling van inligtingsvaardighede van studente uitgebou sal word ter ondersteuning van beter deurvloeikoerse van studente. Die Biblioteek sien homself as 'n sentrale kennisvennoot wat die kennisiklus/-model (skep, verspreiding en integrasie van kennis) ondersteun deur middel van inligtingsgeletterdheidsopleiding. Deur studente te lewer wat geïntegreerd met hul



studies ook inligtingsvaardighede aanleer, word 'n lewenslange vaardigheid, wat 'n belangrike bousteen in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing is, gekweek. Die sentrum sal bestaan uit 'n elektroniese klaskamer, 'n oop area (100 werkstasies), groepwerk-/besprekingskamers, 'n dienspunt en verskeie multimedia werkstasies.

### 13.2 Metalib-soekstelsel

Gelyktydige soektogte op meerdere databasisse (of "federated" soektogte), laat gebruikers toe om in meer as een databasis gelyktydig te soek. Die fasiliteit is vir ten minste 60% van die databasisse waarvoor die Biblioteek- en Inligtingsdiens 'n aktiewe subskripsie het, en met die soekstelsel aanpasbaar is, geïmplementeer.

### 13.3 SFX artikel-vlak skakelingsmeganisme



Die SFX-program word gebruik om skakeling te bewerkstellig vanaf inskrywings in databasisse waar slegs die bibliografiese besonderhede gekry kan word, na die voltekse artikels in databasisse/pakkette waarop die Biblioteek ingeteken is. Die databasisse wat op hierdie manier gebruik kan word, is beperk tot dié wat deur die uitgewers beskikbaar gestel word. Die SFX-program is ook binne die Google Scholar-soekenjin, die DSpace-pakket en die Metalib-soekstelsel geïntegreer vir soomlose toegang tot die voltekse van artikelverwysings.

### 13.4 LOCKSS-loodsprojek vir die digitale bewaring van elektroniese inhoud

'n Verskeidenheid mylpale is gedurende 2006 met die Lots of Copies Keep Stuff Safe (LOCKSS)-SA-projek bereik, waarvan 'n tweedaagse werkswinkel met 19 kollegas van die 7 deelnemende universiteitsbiblioteke, asook die toestemming van uitgewers om die eerste vier Suid-Afrikaanse tydskrifitels op die stelsel te laai, van die hoogtepunte was. Die projek is suksesvol afgehandel en daar is aan alle projekvereistes voldoen. Afronding aan sekere aspekte van die projek sal nog in 2007 aandag geniet.

As uitvloeisel van die projek is 'n voorstel aan die National Research Foundation – National Electronic Thesis and Dissertation (NETD)-projek – gemaak om LOCKSS te ondersoek as 'n moontlike stelsel vir argivering van die nasionale tesis- en proefskrifbesit. Hierdie voorstel is positief deur die komitee ontvang en sal in die projekplan ingebou word. Dit is 'n strategiese doelwit om, waar moontlik, kundigheid omtrent LOCKSS tot nasionale voordeel te gebruik en om dit ook wyer in Afrika te bemark.

### 13.5 "Proxy"-bediener vir buite-kampus toegang tot elektroniese bronne

Die beperkte buite-toegang van 2005 (deur die studente-portaal) is gedurende 2006 uitgebrei om die meeste van die elektroniese bronne wat deur die Internet toeganklik is, in te sluit. Die program, EZProxy, is aangekoop en afsonderlike webblaaie is geskep wat toegang van buite die kampus moontlik gemaak het. In samewerking met die Afdeling Informasietegnologie van die Universiteit is die intekenproses vereenvoudig deur dieselfde aantekenskodes te implementeer wat studente en personeel regoor die kampus gebruik.

Die buite-toegang is slegs vir geregistreerde studente en personeel van die Universiteit van Stellenbosch.

### 13.6 Elektroniese tesis-projek

'n Elektroniese tesisdatabasis, wat gebou is op die DSpace-programmatuur, is opgestel en vir 'n proefperiode in gebruik geneem om die laai van oop toegang ("open access") tesis en proefskrifte te toets. Verskeie tesisse is gelaai en deur soekenjins soos Google en Yahoo! geïndekseer en vindbaar gemaak. Die prosedures vir die korrekte inhandiging van tesisse en proefskrifte (met inagneming van embargo's onderworpe aan uitgewers-ooreenkomste) by die Universiteit geniet nou aandag alvorens die databasis finaal in gebruik geneem kan word.

### 13.7 Databasis vir die stoor van wetenskaplike navorsingsuitsette

Die DSpace-programmatuur is ook suksesvol gekonfigureer om die navorsingsuitsette van 'n

voortreflikheidsentrum by die Universiteit, naamlik die Voortreflikheidsentrum vir Indringerbiologie, te indekseer, te stoor, herwinbaar te maak en vir die langtermyn te bewaar. Hierdie projek het as 'n goeie riglyn gedien om in die toekoms ander institusionele navorsingsuitsette beter te kan bestuur.

### **13.8 Digitale bewaringspraktyke**

In 2006 het die IT afdeling ernstig aandag begin skenk aan digitale bewaringspraktyke, soos formaatmigrasie en digitalisering. Digitale bewaring is 'n toenemende tendens in die akademiese inligtingsomgewing, met internasionale standaarde wat vir digitale bewaringstoepassings ontwikkel word. 'n Formaatmigrasie-projek, wat ten doel gehad het om opleidingsmateriaal op magnetiese bandformaat om te skakel na digitale formaat, is tydens 2006 suksesvol van stapel gestuur. Ondersoeke word tans gedoen om gepaste digitaliseringsprojekte te identifiseer.

## **14. Strategiese rigtings 2007-2009**

Gedurende die tweede helfte van 2006 is werkgroepe tot stand gebring om 'n nuwe strategiese plan vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens te formuleer. Die strategiese rigtings wat geïdentifiseer is, is grootliks gebaseer op die stragiese ondersoek wat onderneem is in 2003, die gehalteversekeringsoudit in 2005, asook die institusionele en interne beplanning van 2005 en 2006. Sewe strategiese rigtings is geïdentifiseer as die Biblioteek- en Inligtingsdiens se aktiwiteite vir die periode 2007-2009 en dien as 'n gids in ons beplanning en fokusareas vir die volgende drie jaar. Volledige aksieplanne met teikendatums en uitkomst is ontwikkel vir elk van die strategiese rigtings. Die sewe strategiese rigtings is:

- Personeelontwikkeling
- Inligtingsbronne en versamelings
- Gehalteversekering
- Bemarking
- Proaktiewe kliëntgesentreerde dienslewering
- Verbeterde aanwending van inligtingstegnologie
- Finansiële volhoubaarheid

## **15. Bedankings**

Namens die Biblioteekbestuur bedank ek graag al die personeel vir hulle samewerking en toewyding gedurende die jaar. 'n Verdere woord van dank gaan aan die Rektooraat, die Studenteraad, die Biblioteekkomitee, asook die dekane en alle ander steundienste omgewings vir hulle deurlopende ondersteuning, goeie samewerking en waardevolle insette tot die suksesvolle bestuur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gedurende 2006.

Ellen R. Tise  
Senior Direkteur  
Biblioteek- en Inligtingsdiens